# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 229
15 Augustus 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Gas-redakteur: Oudl J de Ridder

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel: "*DEI*" – 'n Verdraaiing van definisies**
**Berigte: Bondsvergadering**
**Hofsaak**
**Bybelvasvra**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### "*DEI*" – 'n Verdraaiing van definisies

Ons word deesdae oral in die werkplek, media, televisie en internet oorweldig met die regering, besighede en samelewing se strewe na "*Diversity, Equity and Inclusion (DEI)"* - "diversiteit, uitkoms-gelykheid en inklusiwiteit." Selfs tradisioneel-Christelike kerke en instellings het tans transformasie-afdelings en -beleide. Die aanvaarding van "*DEI*"-beginsels deur kerke, veral hier in Suid-Afrika, het algemeen geword. Daar is 'n voortdurende poging om as divers, regverdig en inklusief beskou te word. Die vorige dekaan van die Fakulteit van Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria, Prof Jerry Pillay, het reeds in 2021 onder andere die volgende te sê gehad oor die invoer van "*DEI"* as deel van die teologiese opleiding: "*Kerk-vennote is 'n belangrike deel van die fakulteit. Ons het met hulle die behoefte bespreek om inklusiwiteit, diversiteit en uitkoms-gelykheid te omhels en hierdie waardes word doelbewus in ons onderrig- en leerinhoud ingereken.*" Hierdie stelling sluit aan by die argument wat dikwels geopper word dat kerke meer verteenwoordigend van hul gemeenskap moet wees, minderbevoorregtes moet bereik, of eenvoudig hul naaste onvoorwaardelik moet liefhê. Dit is egter noodsaaklik om Skriftuurlike beginsels toe te pas en krities na "diversiteit, uitkomsgelykheid en inklusiwiteit" te kyk om te verstaan wat hierdie begrippe werklik beteken wanneer hulle gebruik word. Die beginsels van "*DEI*" het hul oorsprong in kommunisties-Marxistiese ideologieë. Waar kommunisme tradisioneel gefokus het op 'n klasse-sisteem, word die beginsels daarvan in hierdie geval toegepas op ras en seksualiteit.

**Diversiteit** word op die oog af voorgehou as iets goeds om na te streef. Daar word selfs deur sommige denominasies aangevoer dat diversiteit 'n weerspieëling van God, onsself en ons gemeenskap is – dat diversiteit die kern en hart is van wie God is! Hiermee word die begrip diversiteit egter gekaap en geëkstrapoleer tot die aanvaarding en omarming van enigiets – selfs(of veral!) dit wat antagonisties teenoor gesonde Bybelse leerstellings staan. Om iemand van 'n ander kultuur of geloof te vertel dat iets wat hy of sy glo vals is, kan volgens hierdie denkwyse gesien word as 'n poging tot magsbeheer. So ontstaan kulturele relativisme, waar geen kultuur as meerderwaardig gesien word nie en daar uiteindelik geen reg of verkeerd is nie - duidelik nie 'n Bybelse konsep nie.

Voorstanders van diversiteit wil eintlik hê jy moet in alle opsigte met hulle saamstem sonder teëspraak. Diversiteit word dan 'n vereiste vir ideologiese ooreenstemming. In terme van volkskultuur en identiteit vereis diversiteit die verwerping van nie net jou eie kultuur nie, maar van jou geloof as enigste ware geloof. So 'n diverse benadering lei tot 'n vermenging van gelowe, wat uiteindelik uitloop op 'n nuwe vorm van politeïsme of selfs ateïsme.

Die kerk se missie op aarde mag nooit verdraai word tot 'n strewe na diversiteit nie. Die kerk moet God aanbid, gelowiges versterk en toerus en die Evangelie verkondig. Hoekom is daar so 'n sterk dryfkrag na diversiteit in sekere denominasies? Diversiteit dien as lokaas en dryfveer vir verandering, maar die uiteindelike doelwit is nie 'n verskeidenheid mense en kulture nie. Dit word gebruik om 'n verskeidenheid idees aanvaarbaar te maak en te bevorder. Die gevolg van diversiteit is daarom 'n pluralistiese vermenging van idees en godsdienstige oortuigings. (*Psalm 106:35; Esra 9:2*). Gelowiges behoort eerder te streef na gehoorsaamheid en suiwerheid as diversiteit.

**Gelykheid** (van uitkoms) het die implikasie dat almal verdien die ewige lewe. Gelykheid het tradisioneel beteken dat elke individu of groep mense dieselfde hulpbronne of geleenthede kry. Uitkomsgelykheid stel egter dat omdat elke persoon verskillende omstandighede het, hulpbronne en geleenthede dienooreenkomstig toegeken moet word om te sorg dat 'n gelyke uitkoms bereik word. Behalwe dat so 'n beleid partydig is en nie op die lang termyn moreel regverdigbaar is nie, lei dit tot drie belangrike vrae: Waar gaan die hulpbronne vandaan kom om alle uitkomste gelyk te maak? Wie gaan besluit wie wat kry? En wat van persoonlike verantwoordelikheid? Die Bybel maak dit duidelik dat partydigheid veroordeel moet word. (*Spreuke 18:5; Deuteronomium 1:17; 16:19; Levitikus 19:15*) Tog pleit diegene wat vir uitkomsgelykheid stry, openlik vir "billike" diskriminasie.

Die beginsel van "billike" diskriminasie - soos byvoorbeeld regstellende aksie - word as goed en "Bybels" voorgehou. Terselfdertyd word daar te velde getrek teen wat hulle beskou as *onbillike* diskriminasie. Ook hier word die definisie van wat beskou word as onbillike diskriminasie aangepas en verdraai. In 'n onlangse omsendskrywe van die NHKA aan gemeentes word onbillike diskriminasie gedefinieer as: "*...enige handeling of versuim om iets te doen wat ’n onbillike of onregverdige of onregmatige onderskeid tref teenoor ’n persoon of persone of klas van persone op grond van sodanige persoon of persone of klas van persone se ras, geslag, swangerskapstatus, huwelikstatus, MIV/vigs-status, enige aanmeldbare siekte soos byvoorbeeld ’n persoon se Covid-19-status, sosio-ekonomiese status, etniese of sosiale oorsprong, geslags- of seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdienstige oortuiging, gewete, geloof, kultuur, taal of enige ander gronde...*" Volgens so 'n definisie kan opreg gevra word of enige tug-handeling van 'n ouderlingevergadering teen byvoorbeeld 'n persoon in 'n gay, lesbiese of buite-egtelike verhouding dan as diskriminerend en daarom as

onregmatig beskou word. Indien jy iemand van 'n ander geloof soos 'n Boeddhis verhoed om saam te aanbid of aan die nagmaaltafel aan te sit sal dit volgens hierdie riglyne as onbillike diskriminasie op grond van geloof en godsdienstige oortuiging beskou kan word!

Nêrens in die Skrif vind ons dat God die regering magtig om in die naam van "regstellende aksie" van diegene wat het, te neem en aan diegene wat nie het nie, te gee nie. Hierdie idee het sy wortels in Marxisme, nie in die Skrif nie. Persoonlike verantwoordelikheid word dus uitgewis en partydigheid, veral op etniese lyne, word bevorder. Die Bybel sê duidelik dat as 'n bekwame man nie wil werk nie, hy nie deur ander voorsien moet word nie (*2 Tessalonisense 3:10*). Die toepassing van "billike diskriminasie" laat die regering partydigheid toon, hef persoonlike verantwoordelikheid op en dryf 'n onnodige wig tussen mense en groepe.

Ons is wel gelyk voor God in soverre ons almal gevalle sondaars is, maar God gee aan elkeen van ons 'n unieke stel talente en gawes. Terwyl ons in ons wese gelyk is, het God ons nie gelyk gemaak met identiese vermoëns, geleenthede of ervaring nie. God het verskeidenheid beskik. Sommige mense is buitengewoon talentvol; ander sal altyd middelmatig bly. Sommige beklee sogenaamde hoë en verhewe posisies, terwyl ander met vrug arbei in nederige beroepe, bestem om te dien eerder as om te heers. Dit is nie 'n saak van onreg nie, maar van God se soewereine wil. Hy het in Sy soewereine wil beskik wie talentvol of eenvoudig, heersers of dienaars sal wees. Omdat hierdie verskeidenheid deur God beskik is, sal enige poging om die mensdom gelyk te maak, net in mislukking eindig. Dit sluit natuurlik nie uit dat ons deur ons arbeid, onsself en ons omstandighede kan verbeter nie! Elkeen van ons het verskillende talente, pligte en verantwoordelikhede gekry; laat ons dan volgens ons eie vermoëns arbei soos God ons roep (*1 Korintiërs 7:24*).

**Inklusiwiteit** word dikwels voorgestel as die ideaal waarby almal in elke aspek van die samelewing moet inpas, en daar word aangemoedig om alle idees, geloofsoortuigings en lewenstyle sonder uitsondering te aanvaar en te omarm. Hierdie konsep klink aanvanklik aantreklik en deugsaam, want dit lyk asof dit oor verdraagsaamheid en liefde gaan. Die idee word voorgehou dat niemand uitgesluit of gemarginaliseer moet word nie, en dat alle mense en idees gelykwaardig gehanteer moet word. Inklusiwiteit, soos dit in die moderne wêreld verstaan en bevorder word, gaan egter verder as net die aanvaarding van mense; dit vereis dat alle oortuigings en gedragswyses sonder enige oordeel as gelykwaardig beskou moet word. Hierdie benadering lei tot 'n vorm van morele relativisme waar daar geen vaste standaarde van reg en verkeerd is nie.

Vanuit 'n Christelike perspektief is hierdie vorm van inklusiwiteit problematies omdat dit die onderskeiding tussen wat reg en verkeerd is, uitwis. Die Bybel roep gelowiges op om afgesonder en heilig vir God te leef, wat beteken dat ons nie alles en almal sonder onderskeiding kan omarm nie. Christus het ons nie geroep om bloot alles te aanvaar en in te sluit nie, maar eerder om die waarheid van die Evangelie te verkondig en te leef volgens Sy standaarde. Dit beteken dat ons standpunt moet inneem teenoor oortuigings of lewenstyle wat in stryd is met die Skrif.

Inklusiwiteit soos dit vandag bevorder word, lei noodwendig ook tot die kompromittering van geloofsoortuigings. Om alle idees en lewenstyle gelykwaardig te beskou, beteken dat die unieke boodskap van die Evangelie verwater word in 'n poging om niemand aanstoot te gee nie. Dit lei daartoe dat die waarheid van God se Woord ondergeskik gestel word aan die druk van die kultuur in 'n poging om inklusief en verdraagsaam te wees, selfs wanneer dit in stryd is met Bybelse beginsels.

Dit is belangrik om te onderskei tussen die ware Bybelse oproep tot liefde en gasvryheid en die moderne interpretasie van inklusiwiteit wat dikwels vereis dat ons ons geloofswaardes moet prysgee. Terwyl ons geroep is om met liefde en respek met alle mense om te gaan, moet ons steeds getrou bly aan die waarheid van die Skrif en nie toegee aan die druk vir sinkretisme nie. God het ons nie geroep om alles te aanvaar en te omarm nie, maar om heilig vir Hom te leef. In plaas daarvan om in te koop by die strewe na Diversiteit, Uitkomsgelykheid en Inklusiwiteit, moet ons daarom eerder elke dag strewe om in gehoorsaamheid aan Sy Woord te lewe.

"*DEI*" streef nie na gehoorsaamheid aan die Bybelse standaard van geregtigheid nie, maar gebruik sosio-ekonomiese en etniese standaarde om sogenaamde "gelykheid" te wil afdwing. God se regverdigheid daarteenoor is nie gebonde aan wêreldse standaarde nie – rykdom byvoorbeeld, beïnvloed nie jou ware morele posisie volgens God se standaarde nie.(*Jakobus 1:9-10*) Gelowiges is almal gelyk. *(Galasiërs 3:28)* God is altyd regverdig.

- Jaco de Ridder

(jaco@geloofsbond.org.za)

# BERIGTE

## BONDSVERGADERING
## 14 SEPTEMBER 2024

Die Agendakommissie, in oorleg met die Bestuur van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes, het in die lig van die afwesigheid van enige dringende sake besluit om die formaat van die komende Bondsvergadering aan te pas.

Met die oog op kostebesparing sowel as die sinvolle hantering van die enkele sake op die Agenda sal die Bondsvergadering nie in persoon plaasvind nie.

Die vergadering sal die volgende formaat aanneem:

1. Die Agenda met die geouditeerde finansiële state sal aan elke kerkraad versend word.
2. Die geouditeerde finansiële state sal deur middel van 'n toeligtingsdokument verduidelik word.
3. Daar sal ook enkele sake rakende verenigings se finansiële bestuur uitgelig word waaraan verenigings dringende aandag moet skenk.
4. Die Agenda sal ook 'n vorm vir kommentaar en aanvaarding van die state bevat wat deur elke kerkraad voltooi moet word.
5. Alle kommentaar sal deur die Bestuur van die GHG bespreek word tydens hul vergadering wat plaasvind op 4 Oktober 2024, waarna die state amptelik aanvaar en onderteken sal word.

## HOFSAAK: APPÈLAANSOEK

Let daarop dat terugvoering rakende die hofsaak na afloop van die Bloemfontein-verrigtinge, per verslag aan gemeentes versend sal word.
Gemeentes moet bewus wees dat ‘n regsrekening eersdaags versend sal word. Die Finansiële Komitee wag net vir terugvoering rakende die taksasie waarna die syfers tot op datum gefinaliseer sal word.

## BYBELVASVRA

Verslag: Bybelvasvra 28 Julie 2024

Op Sondag 28 Julie het die jaarlikse Bybelvasvra plaasgevind. Deelnemende gemeentes se spanne het die vraestel op eie tyd en plek beantwoord. Die plaaslike predikant het dit nagesien aan die hand van ‘n memorandum wat voorsien is.
Vanjaar is Markus 1 tot 3 (laerskool) en Markus 1 tot 5 (hoërskool en ope afdeling) voorgeskryf. ‘n Tweede aspek naamlik algemene Bybelkennis uit die Ou Testament is ook gedek.
Die vertroue word uitgespreek dat elke deelnemer se Bybelkennis vermeerder het.
Nie alle gemeentes het ag geslaan op die reël dat spanne uit nie meer as ses lede moet bestaan nie. Die reël sal volgende jaar streng toegepas word. Vanjaar is spanne wat uit meer lede bestaan het en wat dieselfde punte as ‘n ander span behaal het, se posisie met een posisie laer afgeskuif.

Baie geluk aan die wenners:

**Laerskool**

| | |
|---|---|
| Eerste plek | Vrede Juniors (90%) |
| Tweede plek | Pietersburg (77.5%) |
| Derde plek | Bybelkinders Koster(62.5%) |

Vier spanne het deelgeneem
2023: Ses spanne; 2022: Vier spanne

**Hoërskool**

| | |
|---|---|
| Eerste plek | Komkommers Pietersburg(98%) |
| Tweede plek | Die Beginners Vrede(90%) |
| Derde plek | Koster(68%) |

Vier spanne het deelgeneem
2023: 7 spanne; 2022: Drie spanne

**Ope Afdeling**

| | |
|---|---|
| Eerste plek | Die Grotes Vrede (90%) |
| Tweede plek | Lydia Theresapark (83%) |
| Derde plek | Premiermyn (90%) (14 spanlede) |

Tien spanne het deelgeneem
2023 17 Spanne; 2022: 8 spanne

Die volgende gemeentes het ook in die vorige jare se vasvra goed presteer:

**Laerskool**

| | |
|---|---|
| Vrede | 2024 Eerste |
| | 2023 Eerste |
| | 2022 Tweede |
| Koster | 2024 Derde |
| | 2023 Derde |

**Hoërskool**

| | |
|---|---|
| Vrede | 2024 Tweede |
| | 2023 Eerste |
| | 2022 Eerste |
| Pietersburg | 2024 Eerste |
| | 2023 Tweede |

**Ope afdeling**

| | |
|---|---|
| Theresapark | 2024 Lydia Tweede |
| | 2023 Ouderlinge Eerste |
| | 2022 Dorkas Tweede |
| | 2022 Openbaring Derde |

Die volledige uitslae sal aan gemeentes wat deelgeneem het gestuur word.

Met dank aan almal wat deelgeneem het.

Dr LJ Strauss
Sameroeper: Komitee vir Gesinsorg

# KENNISGEWINGS

**CALVINISTIESE ALLIANSIE KONGRES**
24 AUGUSTUS 2024 – 10:00vm
Hervormde Kerk Meyerspark(GHG)

Tema: ST BARTOLOMEUSNAG
Sprekers: Ds. Greyling van Rooyen en Prof. Andries Raath
en
Wat is ware eenheid in Christus?
Spreker: Ds. J. van Wyk

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

**FINANSIERING**

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuigfinansiering en veilige beleggings.

# Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria
**Tel:** 012 755 8201/2
**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121
**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000
MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF